Nagmaal Oordenking
8 November 2017.

Wees gereed om Christus by sy Maaltyd te ontmoet.

Die heilige Nagmaal is ingestel deur ons Here Jesus Christus self.
Hy is ons Gasheer en niemand behoort moedswillig of sonder goeie rede weg te bly of vrywilliglik enige iets anders bo sy tafel kies waar ons Here Jesus Christus ons verwag nie. Ons vier immers die Nagmaal op grond van sy instelling, voorbeeld en opdrag.

God wil uit genade almal by die tafel ontvang wat in sy vaste beloftes glo. Dit is die belofte dat al my sonde vergewe is, slegs ter wille van die lyding en dood en die opstanding van Jesus Christus en die belofte dat sy geregtigheid vrylik aan my gegee is asof dit my eie is, asof ek self ten volle aan God se geregtigheid voldoen het.

Alhoewel ons geloof nie volmaak is nie en ons God nie met soveel toewyding dien soos Hy elke dag van ons verwag nie, kan ons steeds seker wees dat die swakheid wat nog in ons is, ons nie van die tafel van die Here hoef weg te hou nie, want ons ontvang alles net op grond van die genade van God. Hyself skenk aan ons sy vergifnis en maak deur sy versoening van ons waardige mede-eienaars van sy hemelse voedsel en drank.

Deur sy kosbare lyding en sterwe en sy kragtige opstanding het Hy aan ons die reg gegee om kinders van God genoem te word.

Mag ons die heilige instelling van die Nagmaal en hierdie ernstige opdrag van die Here eer en met liefde uitvoer.